


KYK NA JESUS

 . . . uit God se Bybel. In die wete, dat as my woorde faal, Syne sal nie. So ek wil 'n—'n Skrif lees uit die boek van Jesaja. En ek het 'n paar Skrifte hier uitgeskryf, en 'n paar opmerkings wat ek graag sal wil noem, so gou as moontlik, en dan reguit ingaan en die gebed weer hê vir die siekes. Vanaand.

² Ek wil hierdie geleentheid neem, terwyl ons blaai na Jesaja 45, wil ek hierdie geleentheid neem om al die predikers te bedank wat saamgewerk het in hierdie diens.

³ Broer Shores, baie dierbare vriend van my, hy verteenwoordig die Gemeentes van God, hier in die stad. Broer Outlaw, nog 'n kosbare vriend van my, van die Jesus Naam Kerk. Broer Fuller, van die Onafhanklike, nog 'n kosbare vriend van my. Nie net hierdie drie manne nie, hulle verteenwoordig die drie hoofgroepe, maar ander predikers waarvoor ek gepreek het, in vorige, van ander veldtogte, hulle het almal saamgewerk en bymekaar gekom, en die mense het uitgekom. Ek vertrou sekerlik, my broers, dat baie van julle mense, wat siek en behoeftig was, hulp ontvang het gedurende hierdie tyd. En ek is seker dat ek alles probeer het wat ek weet hoe om te doen, en ek is seker dat die Heilige Gees sal bevestig wat gesê en gedoen is.

⁴ So, die Here seën julle nou, soos ons kyk na die Bybel. Jesaja 45, vanaf die 22ste hoof- . . . of die 22ste vers.

Kyk na My en laat julle red, alle eindes van die aarde! Want Ek is God, en daar is geen ander nie.

Ek sweer by Mysel, geregtigheid gaan uit My mond, 'n woord wat nie herroep word nie: dat voor My elke knie sal neerbuig, en by My elke tong sal antwoord.

⁵ Ek weet dit is nie veel voorlees van die Skrif nie, maar dis genoegsaam omdat Dit Ewig is. Dis God se Woord. En as ek hierdie 'n teks nou sou noem, vir omtrent twintig minute nou, of dertig, sou ek graag wou sê, wil ek sê: *Kyk Na Jesus.*

⁶ Dit was die oproep vir jare: “Kyk na My, julle eindes van die aarde.” Ek wil dit soort van net 'n bietjie draai net 'n klein bietjie, en: “Kyk veral na My aan die einde van elke wêreldstelsel,” omdat Hy Homself altyd so werklik bekend maak aan die einde van 'n wêreldstelsel wanneer dit aan sy einde kom. “Kyk na My, al julle eindes van die wêreld,” mag ek sê. Die Skrif sê: “Die eindes, eindes van die aarde,” eindes is in meervoud: “eindes van die aarde.”

⁷ Baie sê: “Ons het dit vir baie jare gehoor ‘Kyk na My. Kyk na My.’” Wel, dis waar. Maar die ding, die vraag is, is wat jy sien wanneer jy kyk? Jy's dit gevra vir 'n lang tyd: “Kyk na My.”

8 Hoor mense sê: “Kyk.” As hulle die woord kyk noem, beteken: “gee aandag daaraan, kyk op, of kyk na, en kyk uit.”

9 En nou sê God hier: “Kyk na My. Ek is God, en daar is geen ander nie.”

10 En ek wonder, in 'n tyd waarin ons nou lewe, wat kon ons na kyk wat meer standvastig sou wees as God? En God is die Woord, so kyk na die Woord van God, vandag, vir jou antwoord. Die Bybel het die antwoord vir vandag. Dit het dit gehad vir ander dae. Dit het dit vir altyd, want dit is Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd.

11 Die Bybel het die antwoord, omdat die Bybel die openbaring van Jesus Christus is, wat geopenbaar is vanaf die grondlegging van die wêreld. Hy is geopenbaar in die vorm van profete, Hy is geopenbaar in die vorm van konings, Hy is geopenbaar in die vorm van wetgewers, omdat dit is wat Hy is: Koning, Profeet, Wetgewer, en God.

Nou, Hy het gesê: “Kyk na My.”

12 En jy sê: “Ek het dit gedoen.” Dit hang af waarna jy gekyk het, bepaal waarna jy kyk, is waar en waarvoor jy na Hom kyk. Waarna kyk jy? Watter doel het jy om na Hom te kyk? Dit hang net af waarna jy soek, dis wat jy vind.

13 Gewoonlik, kom mense na 'n diens, 'n godsdienstige byeenkoms, party van hulle gaan om 'n groot groep mense te vind om by te sit. Party. . . O, ek haat om te sê, maar dis waar. Party gaan kerk toe net om te wys die klere wat hulle dra. Party gaan kerk toe omdat hulle sê: “Hierdie is die grootste kerk in die stad; of dit het-dit het die beste naam; 'n sekere klas mense gaan na hierdie kerk toe,” dan is dit-dit verkeerd. Sien? Jy kyk nie na die regte ding waarvoor die kerk gestig is nie.

God het gesê: “Kyk na My.”

14 Baie mense gaan na die dienste en net om gesien te word. En partymaal gaan mense na die dienste. . . Hierdie is te jammer om te sê, en ons talm lank daarop. Maar hulle gaan kerk toe met hulle gedagtes alreeds gevorm voordat hulle gaan. As sekere dinge gesê word, of iets net teen hulle idee, sal hulle reguit opstaan en uitloop. Hulle sal net eenvoudig nie verduur nie, want hulle het hulle eie idee wat dit moet wees.

15 Dis presies waarom Jesus nie verstaan is toe Hy na die aarde toe gekom het nie. As hulle net in die Woord van God sou gekyk het, in plaas van—van na hulle tradisie van daardie dag, sou hulle geweet het Hy is die Seun van God. Want, die Bybel het Sy volle koms duidelik verklaar, en Hy het gekom in volle openbaring van die Woord.

16 En elke geslag openbaar Hom in die volle openbaring wat bepaal is vir daardie tyd.

17 Hierdie geslag moet Jesus Christus openbaar. Dit is die openbaring van Hom wat belowe is in die Woord, moet geopenbaar word aan hierdie geslag. As die kerke Dit nie wil ontvang nie, sal iemand opstaan en Dit doen.

18 Want, Johannes het gesê: “God is in staat om uit hierdie klippe kinders vir Abraham op te rig. Moenie dink om by julleself te sê: ‘Ons vader is Abraham’ nie, want God is in staat om uit hierdie klippe kinders vir Abraham op te vek.”

19 “Want wat God gesê het, is God ten volle in staat om te doen wat Hy belowe het om te doen. Ons vader Abraham het dit besef, en teen hoop het hy op hoop geglo; en nie deur ongeloof aan die belofte van God getwyfel nie, maar was sterk, deur God te loof, omdat God vir hom die belofte gemaak het.”

20 Hy het vir ons ’n belofte gemaak vir hierdie dag. Hy het vir ons ’n belofte gemaak. En ons belofte vandag is net so seker om geopenbaar te word as wat dit aan Abraham was, want ons is die kinders van Abraham: “As dooies in Christus, is ons Abraham se Saad, en erfgename saam met hom volgens die belofte.”

21 Soveel mense kom in, vorm hulle eie opinie, sit in ’n Volle Evangelie diens, of enige ander diens, en hulle sal net wag vir ’n paar oomblikke, totdat iets gesê word waarmee hulle nie saamstem nie, dan op en uit. Hulle sal net nie bly om na nog enigiets te luister nie. Hulle het. . . Hulle sal nie bly om te sien of daar was, en wat die Waarheid daarvan is nie.

22 Nou ons sê: “Is daardie gees? Waar het dit vandaan gekom?” Dit was altyd. Dit het van Génesis af gekom. Dit was regdeur die Skrif. Baiekeer. . .

23 Toe Paulus eenkeer gepraat het, liewer, met ’n groep mense, wel, hulle-hulle het aandagtig na hom geluister solank as wat hy in die wet gebly het. Maar toe hy begin vertel van die openbaring, die Hemelse gesig, het dit vinnig die gemeente verander. Hulle het opgestaan, om te skree. As hulle net sou geluister na wat die man gesê het, hy het die Waarheid van God geopenbaar, deur die Woord.

24 ’n Tyd gelede, in ’n groot stad, in hierdie Verenigde State, is ek uitgenooi vir ’n herlewing. Net baie min-min mense wat soontoe gekom het. Waarskynlik, in die hele herlewing, was daar nie meer as wat reg in hierdie gebou vanaand is nie. En ek het gedink: “Wel, ek sou ’n—’n ontbyt gee, gratis ontbyt.” En ek het my liefdesoffer geneem om die ontbyt gratis te maak vir party van die ekumeniese gelowiges in die stad, en vir hulle gesê om “Uit te kom en ek sou graag met hulle wou praat en vir hulle van my doel vertel om daar te wees: om die stad te help, om die siekes te help, om hulle te help, elke kerk.”

25 Wel, daardie oggend, toe Dokter Lee Vayle my spreker was by die veldtog, het hy my bekend gestel aan die—die gehoor, na die ontbyt, en ek het die-hierdie teks geneem: “Ek was

nie ongehoorsaam aan die Hemelse gesig nie.” Net binne ’n oomblik, het ek opgelet ’n prediker kyk na sy horlosie, oorkant toe gekyk en sy kop geknik vir hierdie ander kêrel, opgestaan en uitgegaan. Voordat ek ses of agt woorde gesê het, het amper ’n derde van daardie predikergroep uitgeloopt. Voordat ek vyf minute gesê het wat Paulus gesê het, dat hy nie “ongehoorsaam was aan die Hemelse gesig nie,” omdat God hom geroep het om hierdie werk te doen, het hulle net toe gesien waarop ek my gedagte gaan baseer. Daar was nie meer as een derde van die groep oor nie. Nou dis nie eens om Christelike oorweging te skenk nie, as ’n man wat die Naam van Jesus Christus sou noem.

²⁶ Ek sê dit met respek, maar ek sê dit om in te sink. Ek het meer begrip gehad, en beter gemeenskap, met ’n klomp Afrika toordokters as wat ek gehad het met daardie groep predikers daardie oggend. Hulle het meer oorweging geskenk aan die Woord van God, en vrae gevra, vir die . . . dat ek hulle die hoop kon gee wat in my gelê het, vir die hoop van Ewige Lewe.

²⁷ Hierdie predikers het glad geen tyd Daarvoor gehad nie. Net vinnig, so gou as wat jy iets sou sê, gaan hulle uit. En so is dit hoe dit is. Hulle het hulle gedagte gevorm, hulle bly net so lank, en dis al wat hulle wil weet. As dit een Woord is wat nie saamstem met enige kleinlike dingetjie wat hulle glo nie, kan hulle nie bly en Daardeur luister nie. Dis waarom hulle Jesus Christus nie kon glo by Sy eerste koms nie. Dis waarom hulle Hom sal mis in die Tweede.

²⁸ Hulle mis Hom elke keer. Hulle het altyd. En Hy het Homself geopenbaar in Moses, Homself geopenbaar in Noag, Homself geopenbaar in Elía, al die profete, hulle het dit elke keer gemis. Jesus het gesê: “Watter een van julle vaders het nie die profete daarbuite in die grafte gesit, wat hulle nou wit pleister nie?” Dis waar. Dit was altyd waar. Dis vandag nog waar.

²⁹ En, tog, te midde van dit alles, word ons beveel om te kyk. “Kyk na Hom, al die eindes van die wêreld.”

³⁰ Partymaal kom hulle in, ’n man sal jou beoordeel aan die soort klere. As jy nie predikerklere dra, ensovoorts nie, dan is dit uit, hulle wil niks met jou te doen hê nie. Partymaal wil hulle kyk en sien watter soort geleerdheid jy het, of jy jou woorde behoorlik kan uitspreek, of jy reg staan, hoe jy jou naamwoorde en voornaamwoorde gebruik.

³¹ Om die waarheid te sê, ek weet nie watter is naamwoord of voornaamwoord nie. Ek kan julle nie sê nie. So, dit, dis uit, vir my, en ek—ek weet net nie. Ek kan nie die verskil maak tussen ’n naamwoord en ’n voornaamwoord nie. Ek het toe ek in die skool was, maar ek het dit lank gelede vergeet.

³² Ek ken net een ding, en dis Jesus Christus in die krag van Sy opstanding, dis al waarvan ek weet om te sê. Die byvoeglike naamwoorde en voornaamwoorde, weet ek

niks. En ek dink dis waarvoor ons almal bymekaar kom in dienste soos hierdie, is om Hom te ken; nie naamwoorde en voornaamwoorde te ken nie, maar om Hom te ken, Jesus Christus, in die krag van Sy opstanding.

³³ Nou, party mense, wanneer hulle na Jesus kyk, kyk hulle en sien Hom, kyk en kyk na Hom, en, dan sien hulle Hom, sien hulle in Hom net 'n kerkstigter, of 'n—'n—'n kerkorganiseerder, of miskien 'n—'n geloofsbelydenis vir 'n kerk. Dis waarna baie mense na Jesus kyk om te sien. Hy's net 'n nuwe geloofsbelydenis wat bygevoeg is by 'n ou doktrine. Nou baie mense kyk en sien Hom so.

³⁴ Party kyk en sien Hom as 'n mite, Sinterklaas. Of, party van hulle kyk na Hom as 'n historiese daad wat God baie jare gelede gedoen het. Party van hulle kyk na Hom steeds as 'n baba in 'n krip.

³⁵ Maar, die vraag is, wat sien jy wanneer jy na Hom kyk? Sien jy die tweede persoon van die drie-eenheid, of sien jy 'n drie-eenheid, drie in Een? Jy sal Hom net sien soos jy na Hom kyk deur die Woord. Dis die enigste manier waarop jy Dit weet, omdat Hy die Woord is. Dit sal Homself openbaar. Hang af waarna jy soek.

³⁶ As jy na Hom kyk om te stry, dan kyk jy verkeerd. Hy het nie gestry nie. Dit was nie goed vir Hom om te stry nie.

³⁷ Onthou, jy sien Hom soos jy na Hom kyk deur Sy Woord, en Hom herken. Nou jy kan Hom nie sien totdat jou oë oopgemaak is tot die feit nie. Twee mense kan kyk na dieselfde Skrif en verskil; een van hulle moet reg wees, en die ander een verkeerd.

³⁸ Partymaal is daar dinge wat om ons gebeur, wat ons nie kan verstaan nie; andere sê hulle sien dinge, ander sien niks daarvan nie.

³⁹ Kyk na Datan daaronder, daardie dag toe Elía omring is deur die Siriese leër. En sy getroue dienskneg, Gehasi, wat saam met hom gebly het, hom bedien het, vir hom gekook het, en sy klere skoon gehou het, water op sy hande gegooi het; reg by hom was, dag en nag, geluister het hoe hy onderrig en preek. En daardie oggend toe hy wakker geword het, het hy uitgekyk en hy die Siriese leër reg rondom gesien het; hy het gesê: “My vader, helaas, kyk na die teenstand wat ons het, die hele Siriese leër!”

⁴⁰ Julle sien, Elía, toe hy opgestaan het, en gekyk het, het hy iets gesien wat Gehasi nie gesien het nie. En so het hy gebid: “God, maak hierdie jongman se oë oop.” Nou, sy oë was wawyd oop, maar hy het gesê: “Maak sy oë oop, dat hy mag sien.” En toe sy oë, geestelik, oopgegaan het, was al die berge vol strydwaens van Vuur en Engele oral om daardie profeet. Sien, dit was anders toe sy oë oopgegaan het.

41 Nou, mense kyk na die Woord, letterlik, en dis hoe jy Daarna moet kyk, maar Dit verklaar Ditself beide letterlik en geestelik. Die Gees laat die Woord lewe vir die belofte. Met ander woorde, Dis 'n Saad, die Gees gee Sy Lewe. Dit salf, Dit gee Dit Sy—sy stukrag, soos reën aan die saad gee wat begrawe is in die grond. Dit bring Lewe, voort. En wanneer jy na Jesus kyk as die beloofde Woord van die uur, dan sal dit aan jou geopenbaar word. As jy na Hom kyk, sal jy sien Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd, dieselfde Christus.

42 'n Deel van God se Woord is toegeken aan elke geslag, die heelpad van Génesis af. God stuur altyd iemand. Gewoonlik maak die geestelikes Dit so deurmekaar totdat dit in tradisies, ensovoorts, is, soos dit was in die koms van Jesus, en dan stuur God 'n profeet. “Die Woord van die Here kom na die profeet,” hy openbaar Dit. Gestenig, of uitgegooi, uitgeskop; en dan, nadat hy 'n tyd weg is, bou hulle sy graf en sê hy was 'n groot man. Hulle lewe in 'n skaduwee van wat hy daar was, en weier die Woord wat vandag aangaan.

43 Dis net soos die mens: hy praat altyd van hoe groot God is, en wat Hy gedoen het, hoe watter dinge Hy gaan doen, en sien nie die dinge wat Hy op die oomblik doen nie. Sien? Hy kyk na Hom in geskiedenis, kyk na Hom in profesie, maar vergeet dat hy dieselfde op die oomblik doen as wat Hy toe het. Dis net in 'n mens, egter.

44 Ons let die dissipels op, eenkeer, na die . . . Wel, dit was die eerste Paasoggend. Watter oggend! Jesus, op uit die dood, wat tussen die blomme loop. En twee vriende, Kléopas en een van sy vriende, was op die pad af na Emmáús. En hulle het geloop en praat, bedroef in hulle hart. En 'n Man het uitgestap uit die bos, en saam met hulle gestap die res van die dag, met hulle gepraat oor Christus. En daardie aand, het hulle Hom gevra. Hy het gemaak asof Hy by hulle gaan verbygaan, maar hulle het Hom gevra om in te kom. Hy het.

45 En, toe Hy het, het Hy iets daar gedoen soos Hy dit gedoen het voor Sy kruisiging en Sy opstanding. Voor Hy gekruisig is, het hulle Hom dit sien doen net soos Hy het. Hulle het erken dit was Hy, hoewel heeldag saam met Hom was en nooit herken het Wie Hy was nie.

46 Dis moontlik, vandag, dat goeie manne, gawe manne, wandel met Christus, Sy Woord lees, en steeds nie herken dat hierdie die uur is dat sekere dinge van hierdie Bybel vervul moet word nie. Dis die uur waarin ons lewe, die tyd is op hande wanneer hierdie dinge gedoen moet word. Dis geskryf, en so moet dit vervul word omdat God dit belowe het. Ja, ons oë moet oopgemaak word om die Woord te sien. Nou, jy kan kyk na die Woord. . .

47 Die Fariseërs het daardie Woord uitgelê gehad net presies hoe die Messias moes kom. Hulle het geglo hulle was reg. En hier is Hy gebore en het reg onder hulle gewandel, en hulle het Hom veroordeel; toe Hy vir hulle gesê het: “Ondersoek julle die Skrifte, want in Hulle dink julle het julle Ewige Lewe, en Dit is Dié wat van My getuig.”

“Ondersoek die Skrifte.”

Hulle het gesê: “Ons is Moses se dissipels.”

48 Hy het gesê: “As julle Moses se dissipels was, sou julle My geken het, want Moses het van My geskryf.”

49 En Hy het. Moses het gesê: “Die Here julle God sal ’n profeet soos ek opwek, ’n wetgewer, ensovoorts, en ’n profeet, en na hom sal die mense luister.”

50 Sien, as hulle Moses se geskifte geken het, sou hulle Hom geken het. Hulle het gedink hulle het Moses se geskifte geken, maar, julle sien, hulle het dit nie geken nie. Sien, hulle was verblind tot daardie einste feit.

51 So net ’n paar woorde van Hom, soos daardie, wat het hulle gedoen? Opgespring en gesê: “Hierdie Man het ’n duiwel. Kom om ons te leer? Van watter skool het Hy gekom? Ons het geen rekord van Hom nie. Wonder watter gemeenskapskaart het Hy gedra?” Of, iets volgens daardie trant was die vraag.

52 Maar hulle het nie gekyk en gesien dat die einste God wat die Woord belowe het dit net daar deur daardie Persoon van Jesus Christus bevestig het nie, want Hy was die Lig van die uur. Hy was die Lig vir die mense om in te wandel. En, net Woord van God bring Lig voort. Net God se Woord bring Lig voort.

53 God se Woord bring die sonskyn voort. God se Woord bring die aarde voort. God se Woord bring die lug voort. Alles is die Woord van God wat gemanifesteer word, enigiets wat ’n werklikheid daaraan het.

54 Toe Hy hier was, het Hy gesê: “Ek is God, en behalwe My is daar geen ander nie.”

Party het gekyk. Laat ons ’n paar neem wat wel gekyk het.

55 Jesaja, eenkeer, ’n jong profeet... Hier laaste keer by Phoenix het ek van hom gepraat, met—met die sakemanne, glo ek was dit. Hoe hy swaar geleun het op die koning, Ussia, se skouer. En ons vind uit dat Ussia hoogmoedig geword het en getref is met melaatsheid. Toe het Jesaja afgegaan na die tempel en gebid, en gesê, bely dat hy ’n sondaar was. En hy het die Gêrubs sien uitkom, met hulle vlerke wat hulle heilige gesigte bedek, en voete, en vlieg met vlerke, en uitroep: “Heilig is die Here God.” Toe Jesaja ’n kykie na Jesus Christus gekry het, hier is wat hy gesien het. Hy het nie net enige gewone man gesien nie. Hy het nooit ’n filosoof gesien nie.

⁵⁶ Soos meeste van ons Protestante kerke, ek dink dis agt—en—sestig of ses—en—tagtig persent van hulle, in 'n opname, ontken het om te glo. Hulle ontken die maagdelike geboorte van Jesus Christus; ons Protestante predikers. Dis reg. Dis van die statistiek af. Reguit af, ontken hulle die maagdelike geboorte. Hulle glo nie dit was werklik maagd nie. So, toe, het Jesaja nie so—iets gesien nie. Party van hulle, hulle het gesê: “Hy was 'n goeie man.” Party van hulle, soos party van ons denominasies vandag, het gesê: “Hy's 'n goeie Man. Sekerlik, daar's geen fout in Hom nie, maar, ek sê jou, Sy Woorde kan nie bevestig word of vandag geglo word nie.

⁵⁷ Wel, enige oortuiging en enige geloof wat gevestig is buite die Woord van God, los dit uit. Jesus het gesê: “Elke mens se woord sal faal, maar Myne sal nie. Hemele en aarde sal verbygaan, maar My Woord sal nooit verbygaan nie.”

⁵⁸ So, daarom, enige geloofsbelydenis, of enigiets wat nie gebou is op hierdie Woord van God nie, die hele Woord van God nie! Jesus het gesê: “Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke Woord.” Nie net 'n Woord *hier* en 'n Woord *daar* nie, en 'n dingetjie hier en daar, en sit Dit bymekaar nie; maar “Elke Woord wat uit die mond van God uitgaan!” Die mens sal elke Woord van die Bybel neem! Sit Dit bymekaar . . . Dis alreeds bymekaar; lees Dit net en glo Dit, tree Daarvolgens op, God sal Dit eer.

⁵⁹ Nou ons vind uit dat, Jesaja, toe Hy gekyk het. Wat het jy gesien, Jesaja? Hy het Een gesien wat genoem is: “Raadsman, Vredevors, sterke God, ewige Vader.” Dis wat hy gekyk het.

⁶⁰ As ek nog 'n man sou roep, Daniël, eenmaal het jy die geleentheid gehad om hom te sien. 'n Groot profeet, wat het jy gesien? Hy het gesê: “Ek het 'n Klip gesien, wat uit die berg gekap is, sonder hande, en Dit het in die koninkryke van die wêreld ingerol en hulle stukkend gebreek, en hulle het weggewaaï soos die kaf op 'n somersdorsvloer. En die Klip het gegroei tot 'n berg wat die hele aarde oordek het.” Dis wat hy van Hom gesê het.

⁶¹ Daarom, sal Hy die wêreld eendag regeer. Mense swoeg vandag vir 'n wêreldheerser; elke volk wil hulle taal hê, hulle—hulle gedagtes; elke denominasie wil hulle groepe bokant die ander hê. Maar daar kom een, en dit sal Jesus Christus wees. Hy is die Heerser van die heelal; niks minder as God Self nie.

⁶² Nebukadnésar, het eendag 'n bouse ding gedoen, hy het die drie gelowige kinders in die vuuroond gegooi. En toe hy die deur oopmaak om te sien hoe dit met hulle daarbinne gaan, het hy die vierde Man aan die binnekant van die vuuroond gesien. En wat het jy gesien toe jy gekyk het, Nebukadnésar? Hy het gesê: “Hy het gelyk soos die Seun van God.” Dis wat hy gesien het, toe hy in 'n misdaad ingekyk het wat hy gedoen het, daar was Een wat gelyk het soos-soos die Seun van God.

63 Eségiël het eendag gekyk, hy het gesê: “Ek het Hom gesien, ook, en Hy was ’n Wiel in die middel van die wiel, wat gedraai het, bo in die middel van die lug.” Dis waarna Hy gelyk het vir Eségiël.

64 Johannes, die grootste van die profete, hy was die een wat Jesus bekend gestel het. Jesus het gesê hy was “groter as enige man wat ooit gebore is.” Het julle ooit gedink waarom dit was? Al die res van hulle het van Hom gepraat: “Die Woord van die Here kom na die profeet,” dis die Bybel wat so gesê het, en in al die ander profete, het dit na hulle gekom in gesigte. Maar toe die Woord gekom het na Johannes, was Dit vlees. Jesus was die Woord. Hy is die Woord. Hy was altyd die Woord, maar hier is waar die volheid van God “vlees geword het en onder ons gewandel het.” Toe Hy na hom gekom het in die water, was hy ’n profeet. En as die Woord vlees word, moet Dit kom na die profeet. Die Woord, waar ook al Dit is, Dit moet na ’n profeet kom, want ’n profeet is die een waarnatoe die Woord kom. En Johannes was die profeet van die dag.

65 En toe die Woord na hom gekom het, uitgestap het in die water en gesê het: “Ek wil gedoop word.”

66 En Johannes het gesê: “Ek het nodig dat U my doop, en waarom kom U na my toe?”

67 Hy het gesê: “Laat dit nou so wees, want so betaam dit ons om alle geregtigheid te vervul.”

68 Het julle ooit gedink waarom Johannes dit gesê het? Waarom sou Johannes dit vir Jesus sê? Waarom? Want dis . . . Dit was betaamlik vir hulle. Hulle was . . .

69 Daar was die—die profeet en die Woord, en die Woord het na die profeet gekom, nou was dit betaamlik vir hulle dat alle geregtigheid vervul moet word. Wat het gebeur? Toe het Johannes Jesus gedoop. Want, Johannes was ’n profeet en het die Woord geken, die offerhande moet gewas word voordat dit voorgestel word, en dis waarom Johannes Jesus gedoop het.

70 Johannes het gekyk, en hy het gesien. Hoe het hy geweet dit was Jesus? Hy het ’n duif gesien, wat gesê is vir hom deur die Gees van God. “En op Wie jy die Gees sal sien neerdaal, en op vertoef, hy is die Een wat sal doop met die Heilige Gees en Vuur.”

71 Noag het gekyk. Ons vind hier uit, daar was nog ’n man wat gekyk het, met die naam van Noag—Noag. Hy het gekyk en die regverdigheid van God gesien op . . . Die regverdige oordeel van God, liever, op ’n goddelose Woord-ontkennende geslag, is uitgestort. In sy gesig, omdat Noag ’n profeet was, het God hom ’n gesig gegee van hoe om die ark te bou, en hom geleer hoe om die konstruksie te maak, hoe dit gebou moes word. Hierin, hoe kon Noag, behalwe as hierdie visioen die Woord van God was, toe hy hierdie toorn gesien het en ’n weg van voorbereiding gemaak het?

⁷² Altyd, voor aankomende oordeel, is daar 'n voorbereiding wat getref word. Dit is altyd die Woord van God.

⁷³ En toe hy die Woord van God aanmekeer gebou het, getuig het dat sy gesig waar was en dat hy dit geglo het, het spotters hom bespot ensovoorts. Maar Noag het vorentoe gekyk, gesien die regverdigheid van God moes 'n oordeel oor die mense vereis, en hy het 'n ark gebou om sy eie huishouding te red. Toe hy gekyk het, het hy die komende toorn van God gesien, en hy het voorbereidings getref vir die mense om hierdie ding te ontsnap.

⁷⁴ So het Johannes die Doper, hy het voorbereiding getref vir die ontsnapping.

⁷⁵ En so gaan die Heilige Gees, vandag, die Koms van Jesus Christus vooraf, 'n konstruksie aan die maak, die Liggaam van Jesus Christus. Ons word Daarin gedoop; nie deur 'n geloofsbelydenis nie, nie deur denominasie of 'n handskud nie. Maar: "Deur die Gees van God word ons gedoop in die Liggaam van Jesus Christus," 'n konstruksie wat die oordele sal deurstaan, want Dis alreeds veroordeel. "Wanneer Ek die Bloed sien, sal Ek by julle verbygaan." Ja.

Noag, hy het gekyk en hy het gesien wat sou kom.

⁷⁶ Moses het gekyk, eendag, hy het 'n Vuurkolom gesien. Dit het sy aandag getrek. Hierdie groot teoloog, hy het weggehardloop met al sy teologiese opleiding, en sy begrip (deur sy moeder) van die Woord Self. Van hoe hy die kinders van Israel moes verlos. Maar toe hy op sy manier probeer het, het hy gefaal. En hoewel sy moeder hom deeglik onderrig het oor wat om te doen, en wat hy sou doen, en waarvoor God hom opgerig het. Al hierdie kennis, so goed as wat dit is, en dit is goed, maar tog moes dit afgesit word. Dit was net meganika.

⁷⁷ Meganika is nie wat die outomobiel laat werk nie. Dis die dinamika wat dit laat werk.

⁷⁸ Die meganika laat nie die kerk werk nie; dis die dinamika, die Heilige Gees wat in hierdie Woord ingaan. Dis nie 'n kweekskool wat jou al die teologie leer en die Griekse interpretasies nie. Maar dis die dinamika van die Heilige Gees daarin, om Dit aan die brand te steek en Dit te laat gebeur, en dit net presies te laat lewe wat die beloofde Woord vir hierdie uur is. Nie net die meganika nie; die dinamika! Dit verg meganika en dinamika, die Woord en die Gees, hulle is die Een wat Lewe gee.

⁷⁹ Wat God belowe het vir die uur, kyk daarna om vervul te word. Jy moet na Hom kyk, want Hy is die Woord. En die enigste manier wat jy na die Woord kan kyk, is kyk na Hom. Kyk na Hom, Hy is die Woord, en die Woord belowe vir hierdie dag moet vervul word vandag. Noag se tyd kan nie vandag vervul word nie; dit was net 'n tipe, Moses te tyd, ensovoorts.

Maar hierdie is die dag wat God hierdie dinge belowe het wat ons nou geniet, hierdie dinge wat ons nou sien, waarvoor die wêreld lag, die groot monumentele krag van die Heilige Gees wat 'n sondaar se hart kan verander, wat 'n louwarm kerkklidmaat neem en hom 'n getuigenis gee wat die kerk aan die brand sal steek, waarvandaan hy uitgekom het. Dis die dinamika wat in die Woord ingegaan het.

⁸⁰ Soos ek dikwels gesê het, ek het twee klasse mense gevind. Een van hulle is die fundamentele, posisioneel weet hy waar hy is in Christus, as gevolg van die Woord, maar hy het nie enige geloof in wat hy doen nie. Hy het nie die Heilige Gees ontvang nie. Dan vind ek die Pinksters, baie van hulle het die Heilige Gees ontvang, maar hulle weet nie wie hulle is nie. Net soos 'n man wat geld in die bank het en nie 'n tjek kan uitskryf nie, en die ander een kan 'n tjek uitskryf, en het nie geld in die bank nie. As jy daardie twee bymekaar kan kry, as jy die Pinkster kan laat beseef wie hy is, en terugkom na die ware, volle Woord van God; met daardie doop van die Heilige Gees, sal dit weer die wêreld aan die brand steek met 'n nuwe Pinksterherlewing. Broer, suster, dis waar.

⁸¹ “Kyk na My, al julle eindes van die aarde; want Ek is God, en daar is geen ander behalwe Ek nie.”

⁸² O, ons kan kommunisme onderskei, ons kan alles anders onderskei, maar wonder of ons die Woordgedeelte kan onderskei wat bepaal is deur God vir hierdie dag? Ek wonder of ons die teken kan sien wat God vir ons gesê het sou hier wees op aarde in hierdie dag? Ek wonder of ons dit doen?

⁸³ Ja, weer terug na Moses. Hy is al . . . het al die meganika daarvan gehad, maar eendag in 'n brandende bos het hy 'n Man hoor uitspreek met 'n menslike stem, 'n brandende Vuurkolom agter in 'n bos, uitspreek in 'n menslike stem, en het gesê: “EK IS WAT EK IS. En ek het die krete van My volk gehoor. Ek het My woord onthou, en Ek het afgekom om hulle te verlos. En Ek stuur jou om dit te doen.” Wat 'n ander man was dit, so gou as wat hy gekry het die . . . hy het die meganika gehad, maar hy het die dinamika daarin gekry. “Sekerlik, sal Ek met jou wees.” Dis al wat dit geneem het vir Moses om te gaan, hy het gekyk en hy het in die brandende bos gesien.

⁸⁴ Later op die reis, vind ons Israel toe hulle uitgekom het. Hulle het ook gekyk, en hulle het 'n koperslang gesien. En in hierdie koperslang wat opgestel was vir hulle siekte . . . Hulle het gesondig, en hulle het 'n koperslang gesien. In hierdie koperslang het hulle gesien, in tipe, die oordeel wat God op Jesus Christus sou plaas, om te sterf vir almal van ons onwaardige sondaars, skuldig. Dis wat hy gesien het.

⁸⁵ Die dissipels het na Hom gekyk, eenkeer, in die moeilikheid, buite op die see. En wat het hulle gesien? Hulle het hulle hulp gesien. Hulle het hulp gesien wat deur Hom kom.

⁸⁶ Martha, eendag, toe sy 'n sterfte in die familie gehad het, haar eie broer was dood, Lasarus, die enigste broer wat sy gehad het. Sy het na Hom gekyk in die tyd van dood, en sy het opstanding en Lewe gesien. Dis wat sy in Hom gesien het. Nou, dit het gelyk asof Hy haar wegge wys het; Hy het weggegaan toe haar broer gesterf het. Maar die eerste ding waarvan julle weet, meteens het Hy uitgevind. . . Nadat die seun dood was, en begrawe vir vier dae, hy alreeds gestink het.

⁸⁷ Martha het geweet daar was iets omtrent Hom wat anders was. Sy het die Skrif gelees. Sy het geglo dat Hy die Seun van God was, Emmanuel, God wat gemanifesteer is. Sy het geweet dat Hy God se verteenwoordiger was. En sy het geweet, as Elía 'n dooie baba kon oprig, en hy wat net 'n deel van die Woord was, vir die uur; Christus was die volheid van die Woord, sy het sekerlik geweet Hy het die krag gehad om haar broer op te rig. En toe sy na Hom toe gegaan het in die uur van dood, in verlies, het sy opstanding en Lewe gevind toe sy na Hom gekyk het. Sy het nie na Hom gekyk om Hom te kritiseer of om vir Hom te vra waarom Hy nie gekom het, of om Hom te ondervra nie.

⁸⁸ Jy moet nooit die Woord van God bevrage teken nie. Dit het die hele menslike ras in die moeilikheid laat beland, toe Eva bevrage teken het of God Sy hele Woord sou hou of nie. Ek sê vanaand, broers, dit het tyd geword dat ons elke Woord moet glo wat God geskryf het. Dis elke deel, die Waarheid. “Die mens sal lewe van elke Woord wat uit die mond van God uitgaan.”

⁸⁹ Nou vind ons uit dat Maria opstanding en Lewe gevind het.

⁹⁰ So het Jaïrus ook, die priester tjie, 'n geheime gelowige, dat toe hy Jesus gesien het en na Hom gekyk het, het hy opstanding en Lewe gevind.

⁹¹ Die honger mense het na Hom gekyk, eendag, voedsame brood gevind; 'n tipe dat die hongeriges vandag die Brood van die Lewe kan vind, nie 'n geloofsbelydenis vind nie. Jy vind nie 'n stigter nie, jy vind nie 'n hervormer nie; jy vind Lewe wanneer jy Christus vind, die Brood van die Lewe.

⁹² Die sterwende dief het na Hom gekyk, in die uur van beproewing, en wat het hy gevind? Hy het Sy kwytskelding gevind. Na wie anders kon hy kyk? Die Romeinse regering sou hom nie kwytskeld nie. Niemand anders sou hom kwytskeld nie. Maar hy het na Jesus gekyk, in sy beproewing, en hy het iemand gevind Wie hom kon kwytskeld.

⁹³ My broer, suster, vanaand, as jy hang soos hy toe het, op die skaal van veroordeling; en in die wete, as jy sterf, vanaand, as 'n louwarm kerk lidmaat, of 'n louwarm Pinkster, wat ook al jy mag wees, jy weet waarnatoe jy gaan. Kyk na Hom, vanaand, die Een Wie jou kan vrystel. Een, vanaand, as jy net 'n lidmaatskap alleen is, en nie weet wat die opstanding van

Christus beteken in 'n menslike hart nie, kyk na Hom. Hy is God, en Hy alleen. Jy sal kwytskelding vind soos hierdie arme, dom, sonde-siek dief het, wat aan die Kruis gehang het.

⁹⁴ Die siekes het na Hom gekyk. Wat het hulle gevind? Hulle het 'n geneesheer gevind. Die siekes kan steeds vanaand na Hom kyk en 'n geneesheer vind. Hulle het in Hom gevind wat verteenwoordig was in die koperslang. As daardie in tipe was, hierdie was die anti-tipe. Die blinde het gekyk en kon sien. "Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd." Hebreërs 13:8.

⁹⁵ Die digter het eenmaal gekyk, gevind wat hy kon sien. Blinde Fanny Crosby het eenmaal gekyk, om te sien wat sy kon sien. As blinde, hier was haar antwoord:

U die Stroom van al my troos,
Meer as lewe vir my,
Wie het ek op die aarde behalwe U?
Of wie in die Hemel behalwe U?

⁹⁶ Eddie Perronet, eenkeer, toe hy nie sy liedere kon verkoop nie, en hy gewonder het wat om te doen. En hy het teruggegaan in sy kantoor, en daardie inspirasie het op hom geval, die Heilige Gees; die pen gegryp, en hy het gekyk en het Hom in krag gesien, en hy het geskryf die lied neergeskryf:

Begroet almal die Krag van Jesus' Naam!
Laat Engele laag neerbuig;
Bring uit die koninklike kroon,
En kroon Hom Opperheer.

Dis wat hy in Hom gesien het. O, goeiste!

⁹⁷ Petrus, 'n plaaslike visserman; toe sy broer Johannes die Doper se herlewing bygewoon het, Andréas. Hulle het daarvoor gepraat, oor wat die Messias sou wees, en dit bespreek. En sy pa het vir hom gesê, dat: "Daar sal baie fanatici opstaan, net voor die Messias, maar julle sal Hom ken, Hy sal 'n profeet wees. Die Here het gesê: 'Hy sal 'n profeet wees.' Ons verstaan om ons profete te glo."

⁹⁸ En uiteindelik, eendag, met al die oorreding wat Andréas kon doen, het hy uiteindelik vir Petrus gekry om na Hom te kom luister, want Hy sou 'n diens hou daaronder op die kus, een oggend. Hy het afgegaan om die Woord van God te hoor. En terwyl hy opgestap het in die Teenwoordigheid van Jesus Christus, wat het Petrus gesien toe hy na Hom gekyk het? Hy het gesê: "Jy, jou naam is Simon, en jy is die seun van Jonas." Dit het dit vir altyd afgehandel. Hy het geweet die Woord van God is vervul.

⁹⁹ Natánael, eenkeer, 'n ware gelowige in die Ou Testament, wat uitgesien het na die koms van die Messias. Hy is gebring deur Filippus, 'n vriend van hom, in die Teenwoordigheid van

Jesus, gestaan op 'n platform, boomstomp, wat dit ook al mag wees, en gebed vir die siekes. En toe Natánael in die gebedsry ingeloop het, of wat dit ook al was, en die eerste blik van Hom gehad het, het hy 'n stem hoor terugkom na hom, en het gesê: “Aanskou 'n Israëliet, in wie daar geen bedrog is nie.”

¹⁰⁰ Hy het gesê: “Rabbi, wanneer het U my geken? Wanneer het U my ooit gesien?”

¹⁰¹ Hy het gesê: “Voor Filippus jou geroep het, toe Ek was. . . toe jy onder die boom was, het Ek jou gesien.”

¹⁰² Wat het Natánael bely dat hy gesien het? Wat het hy gesê? “U is die Christus. U is die Koning van Israel. U is die Seun van God.” Dis wat hy gesien het, toe hy die ware Woord van God vir daardie dag gesien het. Vierhonderd jaar sonder 'n profeet, en gesien Hy ken die einste gedagtes wat in sy hart was, en wat Hy gedoen het, het hy geweet dit kan niks minder as Messias wees nie. Ons het dit nie gehad nie, hulle het dit nie gehad nie, en dit was belowe, en almal het geweet die tyd was op hande.

¹⁰³ So weet ons dieselfde ding vandag, ons weet Jesus het hierdie dinge belowe. Hy het gesê: “Soos dit was in die dae van Lot, so sal dit wees in die koms van die Seun van die mens, so sal dit wees wanneer Hy kom.” Ons sien hierdie dinge gebeur.

¹⁰⁴ Wat sien jy wanneer jy kyk? Sien jy, jy dink aan mitologie, of-of jy sien een of ander soort van 'n—'n telepatie, of wat dink jy, soos hulle het destyds daar? Die Fariseërs het na Hom gekyk, wat het hulle gesê? “Hierdie man het 'n duiwel.” Dieselfde mense wat gekyk het na dieselfde Persoon, mense: een het die Seun van God gesien, 'n beloofde bevestigde Woord; en die ander een het dit 'n duiwel genoem. Wat sien jy? Waarna kyk jy vandag, wanneer jy die krag van die Heilige Gees in 'n gebou sien intrek, wat Sy belofte vervul dat in hierdie laaste dae wat Hy sou doen? Wat sien jy wanneer jy kyk? As jy die Woord van God bevestig sien, dan is dit die Heilige Gees van God. Ja, meneer.

¹⁰⁵ Natánael het die beloofde Woord gesien waarvoor hy gelewe het, om die gesalfde belofte vlees gemaak te sien. Moses, die profeet, het so gesê. Daardie Moses, gesalfde profeet, het daardie Woord belowe.

'n Vrou by die put, eendag.

¹⁰⁶ Baie mense het Hom weggewys. Die Fariseërs en Sadduseërs het Hom 'n “duiwel” genoem. Hulle het gesê: “Hy het dit gedoen deur fortuinvertellery. Hy was 'n bouse gees. Hy was mal. Hy het geen plek gehad om na te gaan nie; dis wat die probleem met Hom was, dat Hy net 'n—'n afvallige man was.”

¹⁰⁷ Wat het gebeur? Wat het gebeur? Hy het verby Samaria gegaan, en die stad van Sigar. En toe Hy daar uitgegaan het, eendag, en gaan sit het op die—die klein panoramiese daar. En daar was 'n vrou wat daar uitgekom het om water te kry om te

drink, en sy het gesê. . . En Hy het haar gehoor. Sy het 'n stem hoor sê: “Bring vir my water om te drink, vrou.” En Hy. . . Sy het oorkant toe gekyk, wat het sy gesien?

¹⁰⁸ Eerstens, kon sy dit nie verstaan nie. Sy het Hom bevraagteken. “Dis nie gebruiklik vir julle Samaritane om-om te vra, of julle Jode om vir Samaritane so—iets te vra nie.”

Gesê: “Maar, vrou, as jy geweet het met Wie jy praat!”

¹⁰⁹ Nou onthou, daar was 'n bietjie Lig, saad van die Lewe wat daar gelê het, wat voorbestem is vanaf die grondlegging van die wêreld. Sy het dopgehou daarvoor. Sy was siek en sat vir al hulle teologie en goed wat hulle gesê het. Maar sy het dopgehou vir iets, want sy het geweet daar sou 'n Messias kom.

En Hy het gesê: “Gaan kry jou man en kom hier.”

Sy het gesê: “Ek het geen.”

Gesê: “Jy het die waarheid vertel. Jy het vyf gehad.”

¹¹⁰ Vinnig, het daardie saadjie tot Lewe gekom. Wat het sy gesien? Sy het die teken van die Messias gesien, in 'n Man. Sy het die belofte Woord gesien wat gemanifesteer word. Sy het gesê: “Meneer, ek sien dat U 'n profeet is. Ons het nie een gehad vir honderde jare nie. Ons weet dat vir ons belowe is dat Messias kom, en, wanneer Hy kom, Hy vir ons dit sal vertel. Dis wat Hy sal doen.” Sien? Wat het sy gesien, wat het sy gesien? Sy het die teken gesien wat belowe is vir daardie dag, wat gemanifesteer word.

¹¹¹ Die Heilige Gees is belowe vir hierdie dag, die krag van Sy opstanding, 'n Kerk, wat: “Vir hulle wat geglo het sal hierdie tekens volg.” Jesus het belowe: “En die dinge wat Ek doen sal julle ook.” Waarna kyk jy wanneer jy sien?

¹¹² Wanneer jy kerk toe gaan Sondagoggend, kyk jy na 'n mooi orrel, 'n goed-aangetrekte prediker, 'n beklede koor, 'n klomp vroue met grimering aan? Waarna soek jy, een of ander soort van 'n vereniging in die kerke? Jy behoort *hieraan* en *daaraan*. Waarna soek jy? Dis omtrent wat jy sien. Luister hier. Geen wonder, wanneer jy die reguit Evangelie dra, en die Heilige Gees sien inkom en Dit laat manifesteer onder 'n outydse groep mense, dit vreemd is vir jou, dit moeilik is vir jou om te glo e.

¹¹³ Soos ek nou die aand gesê het, van Josef: “Dis moeilik vir hom om te dink Maria is verwagend.” “Hoe kan sy dit wees, 'n heilige vrou tjie soos daardie, en sy het gesê Gabriel het haar besoek?” Maar dit was so ongewoon. Dit was so ongewoon vir 'n ding soos daardie. Dit het nooit tevore gebeur nie.

¹¹⁴ En dis waar God woon, in die ongewone, vir die vleeslike verstand. Maar diegene wat Hom glo om dieselfde te wees gister, vandag, en vir altyd, is alle dinge moontlik. Elke woord wat Hy belowe het, sal vervul word. Dis die ongewone dinge wat Hom God maak. Hy gaan na die ongewone. Hy maak alles ongewoon vir die mense. Ja, meneer. Goed.

115 Die vrou het na Hom gekyk, en sy het die teken van die Messias gesien, God gemanifesteer in die vlees. Baie, dieselfde mense het gekyk, en niks gesien nie.

116 Die ongelowiges in die dae van Noag, wat het hulle gesien? 'n Fanatikus, wat voortmoker aan wat hy 'n boot noem. Dis alles wat hulle gesien het. Wanneer, die einste boot self, gebou was volgens 'n gesig van Almagtige God. Die einste ding waaraan hy gekap het, sy boodskap wat hy gepreek het, hy het gebou deur sy boodskap, getuig dat hy regverdig was en vorentoe gekyk het. Hy het gelewe wat hy gepreek het.

117 Dis wat ons vandag behoort te doen. Geen man het die reg om te preek totdat hy vervul is met die Heilige Gees nie. Reg! Teoloë en wiskundiges, ensovoorts, kan Dit wegverduidelik van jou. Maar as 'n man ooit in die agterkant van die woestyn was, in daardie heilige plek, en God ontmoet het soos Moses het, is daar geen mens wat dit kan wegneem van hom nie. Hy weet! Hy was die een wat daar was. Daar was niemand wat hom enigiets daarvan kan vertel nie. Hy was daar. Dis waarom Jesus Sy dissipels beveel het: “Moenie preek totdat julle opgaan na die stad van Jerusalem en Krag van Bo ontvang nie, dan sal julle My getuies wees.” Dis wat hulle gesien het. Ja, meneer.

118 Noag. Hulle kon niks sien nie; wat het hulle gedoen nadat hulle dit gedoen het? Die Woord van God geignoreer en oordeel oor hulleself gebring. Dis korrek.

119 Ek sê, saam met Jack Moore, nie om hom aan te haal nie, maar dit te sê, want ek dink dis tydig nou. Jack Moore het gesê: “As God nie vir Amerika sink en haar verbrand nie, sal Hy Sodom en Gomorra moet oprig en om verskoning vra dat Hy hulle verbrand het.” En dis die waarheid.

120 God is regverdig. Sy Woord het 'n regverdige vergelding, en Hy sal sekerlik die wêreld beoordeel vir sy aksie teen Sy Woord vandag. Maak nie saak hoeveel byeenkomste ons het, hoeveel godsdienstige byeenkomste ons het nie, dis nie dit nie. Hierdie Woord!

121 Kyk, daar is geen meer godsdienstige tye as wat dit was die dag toe Jesus op die aarde gekom het nie, o, alles was ingesluk in godsdiens en tradisie, en dis alles verkeerd!

122 So was dit toe Amos, die klein, kaalkop prediker; ons weet nie waar hy vandaan gekom het nie. Sy twee ogies het vernou toe hy oor die heuwel kom en afgekyk het na Samaria. Dit was 'n groot stad van toeriste, soos Phoenix. Baie van die mense het van oor die wêreld gekom, om te kyk, te kyk na hierdie groot stad, hoe mooi dit was. O, alles het aangegaan, nagklubs en 'n ware plek van plesier : “'n plek om te woon,” het hulle gesê. Maar toe hierdie plaasseuntjie, getref deur die Heilige Gees, afgekom het daardeur, het hy niemand gehad om vooruit te gaan en reëlings te tref vir sy dienste nie, hy het geen uitnodigings gehad

nie, geen denominasie om met hom te affilieer, of niemand om hom te ondersteun nie. En toe hy oor die heuwel geloop het, en daardie ogies vernou het, soos hy afgekyk het op daardie stad, het hy iets gesien wat geeneen van die res van hulle gesien het nie. Almal van hulle het die plesier en goed van die stad gesien. Maar hy het die hangende oordeel van God gesien, en geprofeteer daarteen. Hulle het hom “mal” genoem, maar elf jaar later, het dit alles net presies gebeur soos hy gesê het.

¹²³ Mense wat kan kyk na die kerk soos dit nou aangaan, en mense soos hulle aangaan, en seëninge voorspel in die toekoms? Ek voorspel oordeel, dit alleen. Die regverdige God vereis oordeel, vir die ignoreer van Sy Woord. Hy's regverdig om te kom en Dit voor ons te identifiseer, en Dit reg te maak. Maar 'n regverdige God, deur alle eeue, kan Hy nie Sy plan verander nie. Hy verander nooit Sy plan nie. Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Sy weë is dieselfde. Sy Woord is dieselfde. Alles, is Hy dieselfde. Hy is vol genade, wanneer iemand gereed is om te bely, maar oordeel sal volg as jy nie bely nie.

¹²⁴ Farao, toe hy gekyk het daarna, en 'n sogenaamde fanatikus, sogenaamde fanatiese profeet, met baie aansprake van verlossing, is dit alles wat hy gesien het. Maar die Israeliete het die hand van God op Moses gesien. Ja, meneer.

¹²⁵ Die ryk man het gekyk en gesien, het potensiaal gehad, maar sy organisasie was groter as wat hy kon deurgaan Daarmee. Waar is sy volgende blik? Hy't gekyk uit die hel uit. Dis presies. Oordeel het na hom gekom. Dit was die volgende keer wat hy gekyk het. So sal dit wees met baie mense vandag.

¹²⁶ Die Romeinse soldaat het gekyk, eenkeer, toe hulle Jesus gekruisig het. Hy het gekyk om te sien wat Hy gedoen het, maar dit was te laat toe.

¹²⁷ Vriende, Amerika gaan dit doen, ook. Hulle gaan kyk eendag, en sê: “Waarlik, dit was die Seun van God,” maar dit sal te laat wees. Hulle het gelag en bespot vir die laaste keer.

¹²⁸ Hy kon toe net kyk en sien waar hy gered kon word, maar dit was toe te laat. Hy het die Prins van die Lewe gekruisig.

¹²⁹ En soveel keer, vandag, keer die mense Jesus Christus weg uit hulle harte, wanneer hulle Hom deeglik sien bewys Wie Hy is, reg in ons midde. Ja, meneer.

¹³⁰ Pilatus het gekyk, eendag, en was oortuig, maar sy politiek was te groot. Hy kon net nie, hy kon net nie opstaan daarvoor nie.

¹³¹ Luther het gekyk, en hy het regverdigmaking gesien. Hy het daarmee saamgegaan. Toe het hulle georganiseer.

¹³² Wesley het verbygekom, heiligmaking gesien toe hy na Christus gekyk het, dat die kerk geheilig moet wees. En reguit afgegaan met heilig- . . .

133 Die Pinkster het verbygekom en die herstel van die gawes gesien. Wat het hulle almal gedoen? Net presies soos die Katoliek het, dit georganiseer, dit weer reguit teruggesit.

134 O God! Eendag het ek gekyk, en, toe ek het, het ek Alfa en Oméga gesien. Ek het die Begin en die Einde gesien. Ek het gesien Jesus Christus dieselfde gister en . . . Ek het 'n Vergewer van my sondes gesien. Ek het Iemand gesien wat my plek geneem het. Goeiste!

Wat sien jy wanneer jy kyk?

135 Ek kyk net nou na 'n ou vriend van my, Bill Dauch, wat hier sit. Die man is amper twee—en—negentig jaar oud nou. 'n Paar dae gelede, nie lank gelede nie, liewer, omtrent ses maande gelede, het hy 'n totale hartversaking gehad, en hartaanval, saam.

136 “Die dokter sê hy is sterwend.” Sy vrou het my gebel en gesê: “Broer Branham, kom. Hy is sterwend. Bill is jou vriend.”

En ek het gesê: “Goed, ek sal dit doen.”

137 En op my pad op na sy plek, het ek gebed. “God, ek haat dit om vir hom ‘totsiens’ te gaan sê. Ek weet as hy net gelewe het totdat ek daar kom, dat ek vir hom ‘totsiens’ kan sê.” Onder suurstof, totale hartversaking, een—en—negentig jaar oud. Ek het uitgeklim by 'n vulstasie, en ek het gekyk, en, toe ek het, het ek Bill in die straat sien afkom en handskud met my.

138 Hier sit hy vanaand. Die dokter wat vir hom dit gesê het, is dood. En hier sit Bill Dauch self, vanaf Lima, Ohio, wat afry deur die ysreën en sneeu, elke diens volg waar ek gaan. Waarom? Ons het gekyk; ons het iets gesien. Daardie selfde God waarvan ek gisteraand gepraat het, oorkant in Colorado, in die tyd van 'n storm, ek het gekyk, ek het gesien dat Hy dieselfde was gister, vandag, en vir altyd.

139 Hier sit Mnr. Way, 'n Engelsman, wat hier aan die kant sit, reg hier nou, hom pas opgelet wat hier sit. Hy kom van Indiana. Hy's 'n Engelsman. Sy vrou is 'n—'n geregistreerde verpleegster. Goeie man! Eendag, het ek met hom gepraat. Ek het gepreek in die diens, hy het gekrenk gevoel oor wat ek gesê het, in sy hart, en, toe hy het, het hy dood neergeval reg in die gehoor. Daar het hy gesterf. Sy vrou het hom beetgekry en hom gevoel; sy oë, gesig het donker geword, sy oë . . . nie aansit nie, sy oë het uitgepeul en agter in sy kop ingegaan. Ek het gesê: “Staan stil.” Daar afgekyk na hom, en ek het gedink: “O, daar lê daardie man, dood.”

140 Afgegaan, my hande op hom gesit, hy was net so koud as wat hierdie lessenaar is. Hy was weg. Mev. Way het gesê: “O, Broer Branham, hy is weg! Hy is weg.” Geskree so hard as wat sy kon.

141 Ek het weggekyk. Ek het die opstanding en die Lewe gesien. Ek het die gebed gebed wat Jesus vir my gesê het, en Broer Way het opgestaan. Hier sit hy reg hier vanaand, opgekom uit die dood, wat reg hier sit vanaand.

142 Dis reg, Mnr. Way, as jy net sal opstaan net 'n oomblik, sodat die mense sal sien. En hier is Bill Dauch wat *hier* sit.

143 Wat is dit? Omdat ons na Hom kyk, Wie dieselfde is wat Lasarus opgerig het, Hy is dieselfde as wat Hy was. Hy is dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Ja, Hy verander nie.

144 Hier sit 'n predikertjie wat hier reg voor my sit, met die naam van Blair. Sy seuntjie was in 'n ongeluk nou die dag, en sy vrou wat daar sit, wat nou hulle oë afvee met trane. Hulle het my gebel op die telefoon daaronder, en hy het gesê: “Broer Branham, ons seuntjie was in 'n motor en het oor die heuwel gegaan, en hy is vergruis, sy brein geskud, en alles. Hy is weg, net omtrent; haal net skaars asem.” Gesê: “Sal jy bid?”

Ek het gesê: “Laat ons bid.”

145 En begin, gekyk, hierdie op die foon, en begin bid. Ek het gesê: “Here God, wat sal ek vir hulle sê?” Ek het 'n seuntjie sien gaan, hardloop en met 'n tou spring, ahardloop soos daardie. Ek het gesê: “Hy gaan reg wees.” En hier is hy vanaand. En hier sit hulle hier. Waarom? Omdat Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en vir altyd.

146 Kyk! Kyk! Wat sien jy wanneer jy Hom sien? Ek sien dieselfde geneesheer. Amen. Ek sien dieselfde Een wat in Galiléa gewandel het. Ek sien Hom in Sy krag. Ek sien Hom die gedagtes en die geheime van die hart onderskei, die teken wys-wys net voor die endtyd. Hoe kan ons deur hierdie gehoor gaan en oor die volke, te sê wat Hy vandag is!

147 Julle weet wat ek dink? Soos die ou neger eenkeer gesê het in die slawetyd. Eendag, het hy verbygekom, hy het gesê: “Jy weet, die. . . Ek's nou vry.” So hy begin onder die ander slawe vertel, en die slawe het gesê. . .

148 En dit het by die eienaar uitgekóm. En die eienaar het gesê: “Kom hierin, Sam.” Gesê: “Wat is dit wat jy onder die slawe daarbuite vertel?”

Hy het gesê: “Baas, ek is vry.”

Gesê: “Hoe is jy vry?”

149 Hy het gesê: “Ek is vry van die wet van sonde en dood, want Jesus Christus het my vrygemaak.”

Hy het gesê: “Sam, bedoel jy dit?”

Hy het gesê: “Ja.”

150 Gesê: “Ek sal afgaan en jou ontslag teken, en jou laat gaan om jou broers daarvan te vertel.”

151 Die ou man het gepreek vir jare en jare. Uiteindelik, eendag, het hy gekóm na sy deur, hy moes vertrek uit hierdie lewe. En terwyl hy op sy bed gelê het, in 'n koma vir 'n paar dae, het baie van sy wit broers verbygekom om-om hom te

sien, vir hom totsiens te sê, omdat hy 'n dapper ou soldaat vir Christus was. Terwyl hy daar op die bed gelê het, het hy bygekom, rondgekyk, en hy het gesê: “Mose, is jy nie, of . . .”

“Sam, is jy nog nie weg nie?”

¹⁵² “Nee.” Gesê: “Ek moes terugkom.” Hy het gesê: “Ek het gedink ek was daar.” Gesê: “Ek—ek—ek moes dit gedroom het.” Gesê: “Ek het gedink ek was daar. En toe ek daar gestaan het,” gesê: “'n Engel . . . Ek is pas in die deur ingeneem, en,” gesê: “'n Engel het opgekom en gesê: ‘Sam, kom kry jou kroon, en kom kry jou kleed.’”

¹⁵³ Hy het gesê: “Moenie met my praat oor 'n kroon en kleed nie, laat ek net hier staan en na Hom kyk vir 'n miljoen jaar.” Hy het in Hom die Een gesien wat hom vrygemaak het van sonde en dood. Hy het daar die Een gesien wat by hom gebly het deur dik en dun. O God!

¹⁵⁴ Nou die oggend, het ek in my bed gelê. Ek het gehad . . . Julle ken my lewensverhaal. Ek het 'n ou hond gehad, ons het hom Fritz genoem. Hy het my skool toe laat gaan; buidelrotvelle en dinge. Wel, ek het hom altyd elke oggend geneem. Ek sou opstaan, ver in die boonste verdieping, in 'n ou houthuisie, sou ek hom ver onder in die laagte hoor blaf. Hy't nooit vir my gelieg nie. Altyd na hom toe gegaan; hy het iets vir my gehad.

¹⁵⁵ Julle weet, een van hierdie oggende, sal ek hom hoor blaf oorkant daar in die canyon. Ek moet oorgaan en kyk wat hy het. Dit sal alles reg wees.

¹⁵⁶ Luister, broer, laat ek jou sê. Daar is net een ding om te kyk wanneer jy Jesus Christus sien, dis om God in Hom te sien, dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Ek glo Hy is hier, vanaand, om vir ons dieselfde te doen as wat Hy toe het.

Laat ons ons hoofde net 'n oomblik buig soos ons bid. Bid!

¹⁵⁷ Is daar een hierbinne, vanaand, sou sê: “Broer Branham, vra God om my genadig te wees. Ek wil kyk en Hom anders sien. Ek het na Hom gekyk en geraai. Ek het na Hom gekyk en ek het gewonder. Ek het na Hom gekyk en bevraagteken. Regtig, het Hy omgee vir my. Het Hy my lief? Is al hierdie dinge wat oor Hom gesê word, is dit waar? Ek wil weet of dit waar is. Sal jy Hom vra om dit aan my te openbaar vanaand? Sal jy jou hand opsteek? Here seën julle. Dis goed. Oral.

¹⁵⁸ Dierbare Here daar is soveel oor U geskryf. Ons weet dat U dieselfde is gister, vandag, en vir altyd. Ons bid, Here, dat, vanaand, wanneer ons kyk, dat ons Jesus Christus sal sien. U het belowe in die Woord, dat, die werke wat U gedoen het, ons ook sal doen. U het belowe, in die laaste dae, dat U terug sou wees hier op die aarde, in die vorm van die Heilige Gees, die kerk sou vol krag wees, die Heilige Gees. U het gesê: “'n Klein

tydjie, en dit sal die wêreld nie help om te kyk nie, want hulle sal Dit nie sien nie. Maar julle sal Dit sien, want Ek sal met julle wees, selfs in julle, tot die voleinding.”

¹⁵⁹ Here Jesus, terwyl daar steeds ’n geleentheid is vir die mens om te kyk, mag hulle vanaand kyk en Hom sien in die krag van Sy opstanding. Hy’s nie dood nie, maar hy lewe vir altyd, gereed om bemiddeling te doen vir diegene wat gereed is om Hom te bely. Skenk dit, Here. En mag al hierdie versoeke, wat gevra is, toegestaan word. Vader, skenk hierdie dinge, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

¹⁶⁰ Nou is dit gebedstyd vir die siekes. Ek het gebid vir julle; glo dat God sal antwoord.

¹⁶¹ Nou, ek glo Billy het gesê hy het meer gebedskaarte uitgegee. Was dit B’s? B’s. Goed. Ons het nie tyd nie; ek het ’n bietjie oortyd gegaan. Vergewe my. Ek het net ’n paar minute. B, waar het ons-waar het ons opgehou, by hulle, gisteraand? Waar het ons opgehou, waar het ons opgehou gisteraand? [Gemeente sê: “Ons het hulle almal geneem.”—Red.] O, almal geneem? Ons sal net begin vanaf B, nommer een, dan. Goed.

¹⁶² Nommer een, wie. . . [Leë kol op band—Red.] . . . drie, vier, vyf.

¹⁶³ Iemand hou nou dop. Gaan hier af, Billy, party van julle, sommer gou, want ons het nie nou tyd nie. Ons net. . . en moenie die tyd neem nie. Partymaal is hulle doof en kan nie hoor nie, en, of miskien kan nie opstaan nie, of iets. As hulle is, wel, ons. . .

¹⁶⁴ Nommer een, twee, drie, vier, vyf. Goed, kom vorentoe hier, as julle sal. Daar is een, twee, drie, vier. . . Dis reg. Verskoon my, meneer. Ses, sewe, agt, nege, tien, laat hulle nou staan. Ses, sewe, agt, iemand nou, agt, nege, tien. Agt, nege. . . Goed. Een, twee, drie, vier, vyf. . . sewe, agt, nege, tien. Goed, tien tot vyftien, staan op; in B’s, wel, dis al die kaarte wat uit was. Vyftien, goed, vyftien tot twintig, staan op. Een tot twintig, in gebedskaarte, neem julle plek *hier* oorkant. Een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe, agt, nege, tien, elf, twaalf, dertien, veertien, vyftien, sestien, sewentien, agtien, negentien. Dis reg. Twintig tot vyf—en—twintig.

¹⁶⁵ Hoeveel het nie ’n gebedskaart nie? Glo julle Hom steeds. Terwyl hulle kom, hulle plek neem, terwyl daardie vyf—en—twintig is, eerste vyf—en—twintig kom, laat ek vir jou vra. Die Bybel het gesê, in die Boek van Hebreërs, dat “Jesus Christus is ons Hoëpriester.” Glo julle dit? [Gemeente sê: “Amen.”—Red.] “Een wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede.” Gaan ons sit, in hierdie dag, bot; en ons groot Hoëpriester Homself sien bekend maak onder ons, en dan sit soos stomme vee? Nee, meneer. Laat ons op wees en aan die gang, met ’n hart vir enige probleem. Moenie soos stomme vee wees nie. Wees ’n held! Julle mense kyk hiernatoe en glo. Kyk in die Skrif, wat Hy belowe het. Goed.

Ons sal nie enige tyd neem nie, ons sal reguit begin in die gebedslyn.

Laat ons weer bid.

¹⁶⁶ Here Jesus, dis nou in U hande. Ek is in U hande. Here, neem die Woord wat U gesê het: “soos dit was in die dae van Sodom,” een waarna ek verwys het vanaand. U het gesê, in Johannes 14:12, toe U gepraat het met U dissipels oor weggaan, het U gesê: “Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen sal hy ook doen.”

¹⁶⁷ Die Bybel het gesê, dat: “God, het baiekeer en op verskillende maniere gespreek tot die profete, of, gespreek tot die vaders deur die profete; in hierdie laaste dae deur Sy Seun, Jesus Christus.” En Hy’s die Woord. Ons weet dat die profete gekom het, die Gees oor hulle gekom het, en die Woord laat lewe het vir daardie geslag; konings vervloek het, oordeel ingebring het, die regverdige uitgebring het, die verlorenes gered het; die profete waarna die Woord gekom het.

¹⁶⁸ Nou in hierdie laaste dag, Here, het U belowe. U het gesê: “Soos dit was in die dae van Sodom,” terwyl Abraham daar gesit het in die hitte van die dag, die klein, uitgeroepde Kerk. Ons kyk oor die wêreld vandag, Vader, ons sien Sodom presies. Heidene is verdraaid, louwarm. En ons sien hierdie drie engele wat voor Abraham verskyn.

¹⁶⁹ Twee van hulle het afgegaan na die louwarm kerk, Lot, om hulle te probeer uitroep. Twee het soontoe gegaan, ’n moderne Billy Graham, om hulle uit te roep; geen wonderwerke nie, net hulle oë verblind. Die Evangelie preek doen dit.

¹⁷⁰ Maar daar was Een wat hierbo gebly het by Abraham se groep, wat die uitverkorenes aangedui het, uitgeroepes, wat nie in Sodom was nie; gebore was, buite Sodom, die ware Kerk, die Abraham se Saad van vandag. En toe hierdie Man, wat met hulle gepraat het, gesê het: “Waar is Sara, jou vrou?”

Gesê: “Sy is in die tent, agter U.”

¹⁷¹ En Hy het gesê: “Ek gaan jou besoek volgens die tyd van die lewe.” En sy het gelag.

¹⁷² Hy het gesê: “Waarom het sy gelag?” Onderskei wat sy gesê het en gedink het in haar, met Sy rug gedraai na die tent waar sy was.

¹⁷³ Jesus van Násaret, die Seun van God, het vir ons gesê in Sy Woord: “Soos dit was in daardie dae, so sal dit wees in die koms van die Seun van die mens.”

¹⁷⁴ En dis ’n baie vreemde ding, Vader, dat daar nooit ’n hervormer was, in al die eeue, wat in Sodom ingegaan het, met ’n naam wat eindig met “ham,” tot vandag toe nie. U dienaar, Billy Graham, onder in Sodom, wat sy werk doen.

175 Nou, Vader, ek bid dat U die Saad van Abraham sal red wat hier is vanaand, hulle vul met die Heilige Gees van die kosbare beloofde Seun. Onmiddellik daarna, God gemanifesteer in vlees wat hierdie teken gedoen het, toe het die beloofde seun op die toneel verskyn. God, ons het na Hom gesoek vir tweeduisend jaar, die Saad van Abraham. Baie slaap; hierdie is die sewende wag, ons soek na die uitroep om enige oomblik te kom: “Kyk, die Bruidegom kom.”

176 Skenk, vanaand, Vader, dat mense se begrip oopgemaak sal word, dat hulle sal sien dat hierdie teken belowe is, net voor die komende Seun. Ook, soos die koperslang Christus getipeer het, so het die komende seun en die teken van sy koms, (in die natuurlike) die geestelike getipeer, van die komende Jesus vandag, die Koninklike Saad van Abraham. Skenk dit, Here. Ons vra dit in Jesus se Naam, soos ons onself toevertrou aan U. Amen.

177 Ek wil graag een ding sê net voordat ons bid vir die siekes. Baie mense het die verkeerde indruk van 'n gawe. 'n Gawe is nie iets wat God jou gee om uit te gaan en te sê: “Hier, ek sal hiernatoe gaan en *dit* uitsoek, en ek sal dit neem en ek sal *dit* doen nie.” Dis nie gawes nie. Soveel mense dink dit, maar hulle is verkeerd beïndruk. 'n Gawe van God is net om te weet hoe om jouself uit die pad te kry sodat God jou kan gebruik, dis al wat 'n gawe is. Sien? Solank jy in jouself is. . .

178 Het Jesus nie gesê, self: “Die Seun kan doen. . .” Johannes 5: 19: “Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, die Seun kan niks in homself doen nie.” Hy het by daardie bad verbygegaan, waar al daardie kreupeles was, en een man genees met prostaatsprobleme, of vertraagde iets (siekte). Hy het gesê: “Die Seun kan niks in Homself doen nie; behalwe wat Hy die Vader sien doen, dit doen die Seun ook net so.” “Dis nie Ek,” het Hy gesê: “wat die werke doen nie; dis My Vader wat in My woon, Hy doen die Werke.”

179 Nou, julle mense wat daarbuite sit, moet julle nie waag om na enige man te kyk nie. Kyk julle na Christus; Hy is die Een. Maar Hy het belowe, in die laaste dae, dat Hy Homself sou manifesteer in menslike vlees, soos Hy het daar in Sodom. Nou julle vlees, my vlees, laat ons net ons harte oopmaak en ons eie denke uit die pad kry, en net die Woord Sy gang laat gaan, vanaand, in ons, dan sal ons God se groot gawes van Sy Gees gemanifesteer sien voor ons.

180 Wees baie eerbiedig. Niemand vertrek nie. Bly baie stil en bid. Ek is seker julle waardeer.

181 En as daar enigiemand hier is wat dink dit is 'n bedrogspul, ek daag jou uit om na die platform te kom. Enigiemand! Dan, as jy bang is om dit te doen, moet niks daarvoor sê nie.

182 In die Naam van Jesus Christus, neem ek elke gees hierbinne, onder my beheer, om die Woord van God te verklaar.

183 Hier is 'n prentjie vanaand, soos Johannes die 4de hoofstuk. 'n Man en vrou ontmoet, ek veronderstel vir die eerste keer. Ek ken jou nie. Jy ken my waarskynlik, deur koerante en—en hoorsê, maar ek ken jou nie. Jy weet dit. Ons is vreemdelinge vir mekaar, soos ons Here 'n vrou eenkeer by die put ontmoet het; 'n man en 'n vrou wat ontmoet, praat.

184 Maar as ek sou kom soos een van ons broers, sou sê: “God gee vir my 'n gawe van genesing,” . . .

185 Julle weet wat die gawe van genesing is? Geloof in genesing. Sien, jy laat net jou geloof los, om te bid vir iemand, dis al wat 'n gawe van genesing is. Elke prediker moet dit hê, almal, sien, behoort gawe van genesing te hê. Die Krag wat jou genes, is aan die binnekant van jou, die Heilige Gees, jy moet Dit net Sy pad laat uitwerk. Dis al.

186 Net soos die lewe wat in die boom is. Jy hoef nie die appels in die boom in te gooi, om dit te laat appels dra nie. Dit is net in die grond gedruk, en dit drink en stoot uit.

187 Wel, dis hoe maak met die Heilige Gees. Dis aan jou binnekant. Jy drink net uit die onuitputlike fontein van Jesus Christus, en Dit stoot die vrugte van die Gees uit. Sien?

188 Nou ek staan hier, sonder om jou te ken. God weet dit. Jy's 'n totale vreemdeling.

189 Nou as ek gegaan en hande op jou gelê het, en gesê het: “Suster, jy gaan gesond word.” Jy kon dit glo, en dit sou reg wees. Maar nou wat as Hy kom. . . Sien, dit was die dae wat verby is, terug in die Pinksterdae.

190 Ons lewe voor dit uit nou. Ons is verby Pinkster, dieselfde as wat ons Methodis en Luther is. Ons is ver aan na die koms van die Here, waar die bediening wat Jesus Christus self beoefen het, presies moet wees. Soos die hoofsteen op die piramide, so geslyp moet wees totdat elke steen presies pas. En die kerk moet in daardie toestand wees om die Hoofsteen te ontvang, dan die hele ding in die opstanding te neem, wanneer die Liggaam opgerig word.

191 Glo jy dit? Glo jy hierdie dinge wat ek vir jou sê is die waarheid? Jy glo? As die Here Jesus nou iets sal sê wat jy gedoen het, iets wat jy nie moes gedoen het nie, iets wat verkeerd is met jou, of wat dit ook al mag wees, finansieel, huislik, ek weet nie; wat dit ook al is, jy sal my glo, sal jy, om Sy dienaar te wees?

192 Jy is 'n Christen. Sien, ek het met jou gepraat net om jou gees te vind. Sien, dis hoe Hy dit gedoen het by die put; Hy het gesê: “Bring vir my water om te drink.” Jy's 'n Christen. Jy is 'n gelowige. Dis reg. Nie 'n duimgooier nie; 'n gelowige! Goed. Jou probleem, jou groot probleem, is in jou nek. Aan die agterkant van jou nek, het jy 'n groeisel, en daardie groeisel

gee jou druk. Dit bederf jou oë, ensovoorts. Is dit reg? Dis SO SPREEK DIE HERE. Dis reg. As jy dit sal glo, sal dit weggaan. [Die suster sê: “Dis waar.”—Red.] God seën jou. Gaan nou.

¹⁹³ Aangename kennis, meneer. Ek ken jou nie. Ons is vreemdelinge vir mekaar. Jesus Christus is dieselfde gister, vandag, en vir altyd. As ek myself kan ontspan, genoegsaam dat die Heilige Gees my lippe kan gebruik, en my oë, net soos. . .

¹⁹⁴ Het jy ooit 'n droom gedroom? Sekerlik. Daar is 'n—'n deel van jou, jy moet onaktief wees in jou vyf sintuie. Jy het 'n-jy het 'n bewuste en 'n onderbewuste. Jou eerste bewuste is *hier*, en jou onderbewuste is *hier* oorkant. Jy moet onaktief in jou vyf sintuie wees, om oor te gaan *hier* om te droom; maar wanneer jy terugkom, beïndruk dit hierdie totdat jy onthou wat jy gedroom het.

¹⁹⁵ Nou, sieners, profete, hulle onderbewuste is nie *hier* oorkant nie, dis net *hier*. *Jy* gaan nie uit jou vyf sintuie uit nie; jy staan, jy staan, droom. En jy sou sê droom. . . Ek sou sê: “Droom vir my 'n droom.” Jy kan dit nie doen nie. Ek kan ook nie vir jou 'n gesig sien nie. Dit neem God om dit te doen. Maar, ek gaan nie slaap om dit te sien nie, ek staan hier en sien dit. Dis 'n gawe van God. As ek die eerste bewuste uit die pad kan kry, sal God die ander bewuste gebruik as Hy enigiets het om te sê. Dit hang van Hom af.

¹⁹⁶ Maar as ek in staat is deur die hulp van God. . . As Jesus hier gestaan het met hierdie pak aan wat Hy my gegee het, as jy siek is kon Hy jou nie genees nie. Nee, Hy het dit alreeds gedoen toe Hy gesterf het. Maar ek weet nie waarvoor jy hier is nie. Jy's net 'n man. Ons is om en by, naby dieselfde ouderdom, en ons staan net-net hier op die platform, ontmoet vir die eerste keer. Glo jy God kan aan my jou begeertes openbaar, of wat jy gedoen het, of jou hindernisse? As Hy vir jou kan sê wat was, kan Hy vir jou sê wat sal wees. Glo jy dit?

¹⁹⁷ Ek wil nie te veel tyd neem nie, maar ek het hard gepreek en jy moet om. . . tyd, senuweeagtig, jy moet regtig ontspan, want daar is niks wat ek kan doen behalwe as Hy my wys nie.

¹⁹⁸ Ja, hier is Dit. Die Lig kom oor die man. Goed, meneer. Nee, meneer, jy's nie hier vir jouself nie, jy's hier vir iemand anders, en dis 'n dogter. En daardie dogter woon in Kalifornië, en sy het 'n outomobielongeluk gehad, 'n tyd gelede. En jy wil hê ek. . . Jy staan, vir my om vir haar te bid, want sy is steeds beproef daardeur. En, luister, laat ek vir jou iets sê, daardie outomobielongeluk was nie in Kalifornië nie. Dit was in Dallas, Texas, waar die outomobielongeluk gebeur het. Is dit reg? Sy gaan gesond word. Moenie vergeet nie, ek sien haar wegstap. Goed, glo. Gaan en glo nou, broer. God seën jou.

¹⁹⁹ Aangename kennis, dame. Ek's 'n vreemdeling vir jou. Ons ken nie mekaar nie. Ons is totale vreemdelinge. Glo jy Jesus

Christus is dieselfde gister, vandag, en vir altyd? Jy glo Hom? Nou as die Heilige Gees vir my iets van jou kan sê, wat jy weet ek nie weet nie, dan sal dit jou laat glo, sal dit nie? Jy's . . . jy het komplikasies. Jy het baie dinge, maar, wat jou belangrikste ding is, jy is gereed om 'n operasie te ondergaan as gevolg van 'n gewas, en daardie gewas is in jou sy. Dis reg. Dis reg. Dis waarvoor jy hier is om voor gebid te word. As ek vir jou kon sê wat jou naam is, sou jy glo dat ek Sy profeet is, of glo dat dit reg sou wees? Mejuffrou Holman, gaan op jou pad, blymoedig. Sien? God seën jou. Glo nou. Moenie twyfel nie.

²⁰⁰ Aangename kennis, dame. Vreemdelinge vir mekaar. Jy's jonger as ek, net 'n vrou en 'n man.

²⁰¹ Net 'n oomblik, almal baie eerbiedig. Gees van die Here het hier weggegaan.

²⁰² Hierdie man wat *hier* sit, met 'n bril op, het 'n geestelike probleem in jou gemoed. Jy weet nie wat om te doen nie. Jy's heeltemal deurmekaar. Glo jy, en jy sal reg uitkom. Ja, meneer. Sal jy dit doen? Goed.

Wees nou eerbiedig.

²⁰³ Hier is 'n dametjie, wat reg hierbinne sit, sy lyk so, met haar hande, aan die bid. Sy het 'n slegte hand waarvoor sy bid. As jy sal glo, ja, sal God dit gesond maak. Ek ken jou nie, jy ken my nie, maar jy het iets aangeraak. Jy het my nooit aangeraak nie. Jy's twintig voet van my af. Jesus Christus genees jou. Jou geloof maak jou gesond.

²⁰⁴ As dit nie dieselfde Jesus is, die Hoëpriester wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede nie! Glo julle nie dat dit so is nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

²⁰⁵ Verskoon my, ek moet net volg waarnatoe Daardie gaan.

²⁰⁶ Raak swak nou, jy sien, net een . . . Julle weet, ons Here, 'n vrou het Sy kleed eenkeer aangeraak, en Hy het gesê . . .

²⁰⁷ Verskoon my, hierdie gekleurde dame wat hier sit, aan die bid, galblaasprobleem, hoë bloeddruk. Glo, dame, dit sal jou verlaat. Amen.

²⁰⁸ Ek het gekyk, daar was 'n gekleurde dame wat hier gestaan het, sien, haar geloof het Dit reg weggetrek. Amen.

²⁰⁹ Daardie dame reg agter haar, met asma. As jy sal glo dat God jou sal gesond maak van daardie asma, kan jy dit kry, ook, as jy dit sal glo.

²¹⁰ Jy het 'n groot begeerte in jou hart, en dis 'n—'n geregverdigde begeerte. Jy wil 'n baba hê. En die rede waarom jy dit nie kan kry nie, jy het 'n vroueprobleem. En dis waar. [Die suster sê: "Dis wat ek op die kaart gesit het."—Red.] Goed, glo jy nou dat jy sal . . . dat God dit vir jou sal gee. ["Ja. Dis reg."] As die Here Jesus vir my sal

sê wie jy is, sal jy glo? [“Ja.”] Mev. Lambert. [“Dis reg.”] Nou gaan jy, glo dit. Laat dit jou glo. [“Amen.”] Mag sy dit ontvang, God, in die Naam van Jesus Christus.

Hê geloof!

211 Meneer, ons is vreemdelinge vir mekaar, maar God ken ons albei. Glo jy dat die Here Jesus jou probleme aan my sal openbaar? Jy glo? Jy's nie van hier nie. Jy's nie van Arizona nie. Jy's van ver, oos, Michigan. Dis reg. Reg. Jy het hoë bloeddruk, verharding van die are, hardhorend. Dit het jou verlaat. Gaan terug na Michigan, die Here Jesus maak jou gesond.

Hê geloof in God!

212 Die dame wat hierbuite sit, bid vir haar pa. Hy het Parkinson se siekte. En die . . . Ek sien hom nou, en hy is geskadu. Nie alleen is hy geskadu tot die dood nie, maar tot Ewige dood, want hy is nie gered nie. Dis waar. Glo jy dat God hom sal red en hom genees? As jy genoeg geloof het om Jesus Christus aan te raak, ons Hoëpriester, kan jy dit sekerlik aanvaar.

213 Nou sal jy vir my 'n guns doen? Sit jou hand op daardie vrou langs jou. Sy bid vir haar broer. Ja. Daardie broer is siek, en hy is ook 'n alkoholis. Dis waar. Glo net, hy sal ophou drink en gesond word.

“As jy kan glo, is alle dinge moontlik!”

214 Die dame wat hier sit, aan die bid, reg hier voor my, het haar hoof gebuig. Ek kan julle sê, sy bid: “Here, laat dit ek wees.” Die dame is . . . Sy bid vir 'n vriend, en daardie vriend is hier in die hospitaal, sterwend aan kanker; en vir haarself, ook. Sy gaan dit mis. Mev. Kelly, staan op jou voete, en aanvaar die genesing, in die Naam van Jesus Christus. Ek het nooit die vrou gesien, in my lewe nie.

215 Glo jy God genees hartprobleme? Glo jy Hy genees joune? Goed, beweeg dan net aan, sê: “Dank U, Dierbare God.”

216 Moeilik vir jou om op te staan in die oggend, jy's so styf met daardie artritis. Dit sal nie so wees môre as jy dit net sal glo en voortgaan nie. Ja, meneer.

217 Goed, meneer. Jy het 'n bloedoortapping van Gólgota nodig, dit genees diabetes en alles. Glo jy dat Hy dit doen? Goed, joune kan genees word, ook, as jy net sal glo met jou hele hart.

218 Kom hier. Jy's senuweeagtig, dis wat jou probleme veroorsaak het. Jy het 'n maagseer. Glo jy dat God dit sal genees? [Die suster sê: “Ja, ek glo.”—Red.] Ek wil jou iets wys. Ek sal my horlosie net 'n oomblik afhaal. Senuweeagtig, dis moeilik, maar jy's 'n goeie siel. Laat ek jou hand neem. Ek wil jou hand neem. Wil hê jy moet na my hand kyk. Nou kyk, gaan jou hand bo—op myne lê. Nou sien jy dit, sien daardie goed wat daaroor hardloop, soos klein vibrasies? [“Ja, ek sien.”] Dis daardie

lewendige maagseer. Nou kyk, neem jou hand weg, nou word dit weer normaal. Nou sal ek my hand daarop lê, dit doen dit nie, doen dit? [“Nee.”] Maar ek sal jou hand daarop sit, daar is dit weer. Sien? [“Ja.”] Nou daar is iets wat daar simboliseer, wat jy werklik met jou eie oë kan sien. Is dit reg? [“Ja. Amen.”] Steek jou hand op sodat die gehoor kan sien dis waar.

219 *Hier*, die gehoor kan dit sien. Sit jou hand hierop. Nou neem jou hand af, dame. Nou lê jou hand weer daarop. Dis ’n lewendige maagseer. Dis weefsel, iets wat weefsel opeet. Dit word veroorsaak deur senuweeagtigheid wat versprei. Jy’t damesprobleme, ook. Goed.

220 Nou, hier, dit is wanneer jy inisiatief moet neem, net sodat hierdie dame sal weet.

221 Nou ek wil hê die gehoor moet hulle hoofde gebuig hou en bid, want dit gaan van een na ’n ander. Wanneer jy moet. . . Jesus het gesê: “In My Naam sal hulle duiwels uitdryf.” Nou hou jou hoof gebuig as jy nie ’n maagseer wil hê nie. Sien?

222 Nou hier wil ek hê jy moet dophou. Jy het die maagseer, nou hou my hand dop en kyk dat ek nie my hand beweeg nie.

223 Hemelse Vader, laat U genades en barmhartigheid op die vrou wees, om haar gesond te maak. Sy hou my hand dop, sy hou dop, Vader, om te sien of daardie enige verandering is. En ek weet dat, haar geloof, as senuweeagtig, ek bid, God, dat U haar sal help. In Jesus se Naam, help haar.

224 Nou, die dame, ek het nog nie my oë oopgemaak nie, maar die dame weet dat my hand steeds bly soos dit was. Is dit nie reg nie, dame? [Die suster sê: “Ja, meneer.”—Red.] Nou hou dit nou baie goed dop.

225 So, hierdie word nie gedoen om ’n vertoning te hou nie. Hierdie is gedoen om te verklaar dat Jesus Sy Woord hou. Nou, Hy het gesê: “In My Naam sal hulle duiwels uitdryf.”

226 Nou gaan ek my hand net so stilhou. En ek wil hê jy moet oplet, dis nie die manier wat ek my hand hou nie. Sien, dis die heelyd daar. Sien hoe dit opswel? [Die suster sê: “Ja.”] Raak die heelyd erger. [“Ja.”] Want ek hou vas. My hele hand is gevoelloos, tot by my elmboog. Nou hou jy dit net ’n oomblik dop.

227 Here Jesus, nie vir ’n vertoning nie (ons moet dit nie doen nie), maar dat U Woord vervul mag word. U het nooit die mense genees net om te bewys dat U God was nie, maar dit was vervulling van die Woord. En dis hoe ek. . . waarom ek dit doen vanaand, Vader, is my geloof dat hierdie goeie vrou genees kan word van hierdie duiwel.

228 Satan, ek beveel jou, in die Naam van Jesus Christus, Wie getriomfeer het oor alle siekte, en dis onder Sy voete. En as Sy dienskneg, neem ek die inisiatief. In Jesus se Naam, verlaat die vrou, kom uit haar uit.

229 Nou ek het nie my hand beweeg nie. Die dame kan daarvan getuig. Iets het met my hand gebeur, het dit nie? [Die suster sê: “Ja, meneer.”—Red.] As dit reg is, sê: “Amen.” [“Ja. Amen.”] Dis weg, is dit nie? [“Ja. Amen. Dis weg.”] Jy is genees. [“Halleluja.”] Nou daar is sy. [“Dank U, Jesus!”] Nou kyk hier. Ek sit my hand op, sit nou jou hand op, net dieselfde. [“Ja.”] Jy’s genees. [“Ja. Amen. Halleluja!”] Gaan voort, gaan eet jou aandete, Jesus Christus maak jou gesond.

“In My Naam sal hulle duiwels uitdryf!” Ja.

230 Glo jy, suster? Glo jy? Glo jy dat God daardie asmatostand van jou kan wegneem en jou gesond maak? Goed, gaan op jou pad, sê: “Dank U, Here Jesus. Ek glo U, met my hele hart.”

231 Aangename kennis, meneer. Hart het jou gepla, soort van ’n blokkasie veroorsaak van ’n senuweeagtigheid; klop, dubbelklop, een op . . . twee aan een kant, en een aan die ander kant. Goed, meneer, dit stop nou. Gaan voort. Jou geloof maak jou gesond, meneer. Gaan, glo met jou hele hart. Goed.

232 Nog ’n maag, sleg. Glo jy dat Jesus jou gesond maak? Gaan net, sê: “Dank U, Here Jesus.” Glo dit. As Hy vir jou kan sê wat jy is, sekerlik kan Hy jou genees.

233 Wat as ek nie een woord vir jou sê nie, net my hande op jou lê, sou jy glo dat jy genees is, wat daar in die stoel sit? Sou jy? Gaan op jou pad, sê: “Dank U, Here.” Dis wat jy glo.

234 Kom. Glo jy dat God daardie rugprobleem genees het, aan die sit daar toe? Goed, jy kan voortgaan, sê: “Dank U, Here.” Glo met jou hele hart. Gaan voort en glo.

235 Meneer, as God jou nie genees nie, gaan jy eendag kreupel wees, soos *hierdie*, met ’n stok, wat rondstap met daardie artritis. Waarom nie Hom nou dadelik aanvaar nie? Glo jy dit? Gaan op jou pad, en sê: “Dank U, Here.” En stamp die ding, en gaan reguit op jou pad, blymoedig.

236 Jesus genees jou rug en maak jou gesond. Glo jy dit? Goed, gaan op jou pad, sê: “Dank U, Dierbare God.”

237 Kom hier, dame. Nou waarvoor is jy bang? Die rede waarom jy bang is, dis menopouse tyd vir jou. Jy weet wat ek bedoel, ’n damesverandering. En alles, in die aand laat, raak jy moeg. Jy kan nie jou werk doen nie, jy raak so moeg. Is dit nie reg nie? [Die suster sê: “Dis waar.”—Red.] Goed. Dis nou alles reg. Gaan voort, jou geloof maak jou gesond.

238 Nog een, senuweeagtig, maar jy was jou hele lewe senuweeagtig, was ’n bietjie senuweeagtig toe jy jonger was. Jy was ’n klein fritsie wat rondgegaan het. Maar nou lyk asof iets jou net beetgekry het. Jy is die heelyd teneergedruk. Is dit nie reg nie? Dit sal nie meer wees, as jy my net nou glo as God se profeet nie. Gaan en glo.

²³⁹ Hoeveel daarbuite glo met julle hele hart? Sit julle hande oorkant op mekaar. In die Naam van Jesus Christus van Násaret, beveel ek elke man en vrou hierbinne om julle hande op mekaar te lê.

²⁴⁰ As God se Woord, deel Daarvan reg is, is alles Daarvan reg. Jesus Christus het gesê: “In-in My Naam sal hulle duiwels uitdryf.” Die Woord van God is ’n onderskeier van die gedagtes en oorlegginge van die hart.”


²⁴¹ Jesus het gesê: “As hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word.” Elke gelowige hierbinne, sê “amen” daarop. [Die gemeente sê: “Amen.”—Red.] Dan, julle is gelowiges, julle bid vir die een wat julle het. . . Jy bid vir die een wat hulle hande op jou het, want hulle bid vir jou. Laat ons saambid en die vyand verslaan, en laat elke siek persoon hierbinne genees word, in die Teenwoordigheid van Jesus Christus.

²⁴² Almagtige God, outeur van die Lewe, gewer van alle goeie gawes, stuur U seëninge op hierdie mense.

²⁴³ Satan, jy het die stryd verloor. Jesus Christus is hier. Hy’s dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Christene het hulle hande op mekaar. Hulle bid die gebed van geloof.

²⁴⁴ U het gesê: “Vir hulle wat geglo het sal hierdie tekens volg.” Elkeen van hulle het gesê: “Amen,” hulle glo. Hulle het die begeerte van U hart beklemtoon, toe U gesê het: “Vir hulle wat geglo het sal hierdie tekens volg.” Hulle lê hulle hande op mekaar.

²⁴⁵ Jy is verslaan, Satan. Kom uit hulle uit, in die Naam van Jesus Christus. Verlaat hierdie plek en verlaat hierdie gebou, in Jesus Christus se Naam.

²⁴⁶ Elke man en vrou wat glo dat ’n gelowige sy hande op jou het, die gebed van geloof is gebid, en jy is gereed om jou siekte te verlaat, en jou gedagtes daaroor te verlaat, en die Woord van God te aanvaar om in jou hart in te gaan, staan op jou voete en aanvaar jou genesing, in die Naam van Jesus Christus. Amen en amen! Steek nou julle hande op en prys Hom, want dis alles verby. 

KYK NA JESUS AFR64-0122

(Looking Unto Jesus)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Woensdagaand, 22 Januarie 1964, by die Ramada Inn in Phoenix, Arizona, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2014 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS, SOUTH AFRICA OFFICE
58 DISA ROAD, ADMIRAL'S PARK, GORDON'S BAY 7140 WESTERN CAPE
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org